**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : CA & R 48/2006

In die appèl tussen:

**NKETOANA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT** **Appellant**

en

**IXIA TRADING (EDMS) BPK** **Respondent**

---

**CORAM:** KRUGER, R *et* ZIETSMAN, WND R *et* MILTON, WND R

---

**UITSPRAAK:** KRUGER, R *et* ZIETSMAN, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 11 JUNIE 2007

---

**GELEWER OP:** 14 JUNIE 2007

---

[1] Hierdie is 'n appèl, met verlof van die verhoorhof (Rampai R), teen 'n bevinding slegs op die meriete van die eiser (respondent) se eis teen verweerder (appellant). Die verhoofhof het bevind dat appellant teenoor respondent aanspreeklik is vir skade voorspuitend uit 'n veldbrand op 29 Julie 2002 in die distrik van Reitz.

[2] Die partye is dit eens dat die enigste wesenlike geskilpunt handel oor die vraag na waar die brand waarskynlik ontstaan het, hetsy die suidekant van die betrokke pad (wat nie die eiendom van verweerder is nie) of die noordekant van die pad by die skougronde (wat wel die eiendom van die verweerder is). Eiser se getuies getuig dat die brand aan die noordekant ontstaan het; verweerder se saak is dat dit aan die suidekant ontstaan het. Die verhoofhof het bevind dat dit aan die Noordekant ontstaan het, en uitspraak ten gunste van eiser (respondent) gegee.

[3] Mnr. Jordaan, vir appellant, voer aan dat die verhoorhof se bevinding in die guns van respondent in 20 opsigte beïnvloed is deur wanvoorligtings:

1) Die bevinding dat die getuienis vir eiser aanvaarbaar is omdat daar geen motief aangetoon is vir die getuies om onwaarhede te verkondig nie.

Vir hierdie submissie verwys Mnr Jordaan na paragraaf 46 van die uitspraak waar die verhoorhof met Du Plessis handel. Die hof sê:

> “Du Plessis was an independent witness. He had no motive to give false evidence. He readily made concessions.”

In verband met Rautenbach sê die hof (volume 4 bladsy 366, paragraaf [52]:

> “No ulterior motive was shown which could possibly have actuated this witness to deceive the court by giving false evidence.”

Met verwysing na Tsotetsi sê die hof in volume 4 bladsy 369 paragraaf [55]:

> “[55] Tsotetsi was relaxed and composed in the witness box. He too did not have any interest in the outcome of this action. He did not have any motive to fabricate a false story in favour of the plaintiff. He answered the question in a straight forward manner. My assessment of him as a witness moved me to regard him as an honest, credible and reliable witness.”

Die feit dat ‘n getuie onafhanklik is en geen motief het om onwaarhede te vertel nie is ‘n faktor wat ‘n hof geregtig is om in aanmerking te neem by die beoordeling van die getuienis. Dit is verkeerd om die getuienis te benader op die basis dat gesê word dat die getuie geen rede het om vals getuienis te lewer nie, daarom moet dit geglo word (**SCHULLES v PRETORIA CITY COUNCIL (1950)** (ongeraporteer, aangehaal in **S v RAMOCHELA** 1997 (2) SASV 494 (O) op 496 d – e). Die motief om onware getuienis te gee is maar ‘n enkele faktor wat die verhoorhof by die beoordeling van die getuienis in ag neem. Daar is niks mee verkeerd nie.

(2) Die verhoorhof het verkeerdelik bevind dat Du Plessis getuig het dat hy met sy terugkeer na ete die brand aan die suidekant van die pad gesien het.

Du Plessis se getuienis is dat die vuur definitief aan die skougronde se kant was (noordekant). Hy sluit sy hoofgetuienis af deur te sê dat daar geen vuur aan die

suidekant van die pad was nie (volume 1 bladsy 49 reël 20 – 23). Hy het nie gesien hoe die vuur ontstaan het nie (volume 1 bladsy 52 reël 12). Hy het geen vuur in die koringland (die suidekant) gesien nie (volume 1 bladsy 53 reël 9). Ook nadat hy geëet het het hy niks gesien wat brand aan die suidekant nie (volume 1 bladsy 56 reël 5 – 9).

Hierdie is ‘n fout wat die verhoorregter maak, maar dit is nie wesenlik nie. Die kern van Du Plessis se getuienis is dat die vuur aan die skougronde se kant ontstaan het, en dit is onaangetas.

(3) Die verhoorhof het verkeerdelik bevind dat Rautenbach op die punt was om die skougronde verby te steek toe hy die tak op die elektriese kabel sien val.

Mnr Jordaan wys tereg daarop dat Rautenbach getuig het dat hy ongeveer 500 meter van die skougronde was toe hy die tak sien val. Of hy nou 500 meter weg was, of by die skougronde doen geen afbreuk aan die feit dat Rautenbach die tak sien

val het nie. Dis nie ‘n weerspreking nie; die verhoorhof kon ewegoed gesê het hy was 500 meter weg toe hy die tak sien val. Die belangrike deel van sy getuienis is dat hy aan die suidekant geen rook of brand gesien het nie, maar wel toe hy later teruggekom het (volume 1 bladsy 60 reël 6 – 9). Hy het wel by die eerste geleentheid, toe hy die tak sien val en die brand onstaan het, na die suidekant gekyk want hy het die trekker daar gesien in die koringland, welke getuienis Tsotetsi staaf.

(4) Die verhoorhof se bevinding dat die weerspreking in Rautenbach se getuienis omtrent presies wat hy gesien en waargeneem het wat van beduidende aard sou wees indien die weerspreking andersom geskied het.

Hierdie weerspreking is dat Rautenbach in hoof van ‘n vonk gepraat het maar nie in kruisondervraging nie. Die moontlike teenstrydigheid word behoorlik deur die verhoorregter ge-evalueer in paragraaf [49] van die uitspraak, waar hy korrek opmerk dat dit gaan oor besonderhede, nie die wese van sy

waarneming nie.

(5) Die verhoorhof se bevinding dat bome na die brand afgesaag is, aanduidend is van ‘n evaluering dat die bome die brand veroorsaak het (paragraaf [51] van uitspraak, bladsye 365-266).

Mnr Claasen, vir respondent sê dat indien na die foto’s gekyk word, die toestand van die bome en die kragdrade wat tussen en deur die takke geloop het, die verskeidenheid kabels wat al herstel moes word, die vorige brande wat al bestaan het, die bome wat gedeeltelik afgebrand is, is alles aanduidend dat die munisipaliteit bewus was van ‘n gevaarsituasie en was die verhoorhof heeltemal korrek dat dit ‘n operasie was om ook toekomstige skade te voorkom.

Die afsaag van die bome is een van die faktore wat die Hof in ag geneem het; dis nie die enigste nie. Die verhoorhof was geregtig om dit in ag te neem.

(6) Die feit dat die Hof bevind dat die verskil tussen Tsotetsi en die ander getuies oor wanneer die bome afgesaag is, nie wesenlik is nie (paragraaf [54]).

Die verhoorhof maak die punt dat dit nie eiser se saak is dat die tak wat geval en die brand veroorsaak het, deur verweerder se werknemers afgesaag is nie. Dan is die weerspreking tussen Tsotetsi (wat sê dat die werkers ongeveer 8h00 die oggend begin bome afsaag het), en ander getuies wat die afsaag eers die middag gesien het, van weinig belang nie. Die verskil waarmee die verhoorhof handel is wanneer <u>begin</u> is met die afsaag. Dit gaan oor waarnemings van getuies.

(7) Die verhoorhof se bevinding dat die bome al voorheen in brand beskadig is, en dat dit die waarskynlikhede in die eiser se guns verhoog.

Mnr Jordaan se kritiek dat die verhoorhof se bevinding op foto's gebasseer is, is soos Mnr Claasen tereg sê, nie korrek

nie. Starke het getuig dat die bome deur vroeëre brande beskadig is, sowel as verweerder se getuie, Labuschagne.

Die feit dat die bome voorheen deur brande beskadig is, en dat die kabels gelas is, toon dat daar wel voorheen probleme was met drade en die bome; dis 'n faktor wat die verhoorhof kon oorweeg.

(8) Hoewel die verhoorhof bevind dat die getuienis van Strydom, eiser se deskundige, in 'n groot mate geneutraliseer is, vind die Hof steeds dat dit stawing verleen aan die getuienis namens eiser (paragraaf [68]).

Die verhoorhof benader die getuienis van Strydom versigtig, neem die swakhede daarin in ag, en heg dan beperkte waarde daaraan. Daar is geen fout te vind met sodanige benadering nie.

(9) Die verhoor se kritiek op die verdedigingsgetuie, De Jager, dat hy sy getuienis aangepas het oor die plek

waar die brand ontstaan het, is ongegrond.

Die verhoorhof bevind dat De Jager in sy hoofgetuienis sê dat die eerste brand wat hy gesien het nie ver van die tweede paal op die suidekant was, en dat hy in kruisondervraging gesê het dat dit 300 – 400 meter wes van die vliegtuigstoor was 10 meter van die pad af.

Mnr Claasen sê dat De Jager aanvanklik getuig het dat die brand ontstaan het waar twee mans gestaan het, links van die pad.

Dis moeilik om te bepaal presies watter plek hy bedoel. De Jager was ‘n swak getuie. Sy getuienis is onpresies en onduidelik. Die verhoorhof se kritiek was geregverdig.

(10) Die verhoorhof bevind sonder voldoende gronde dat De Jager sy getuienis improviseer.

Mnr Claasen sê De Jager pas wel sy getuienis aan:

(i) Wat betref die wind, sê hy so 400-500 meter van die brand af het die "wind begin sterk opkom".

(ii) Hy sê die brand het "seker" oor die pad geklim, hy weet nie of daar vuur aan die anderkant (regterkant) was nie, hy het net rook gesien. Op een stadium sê hy:

> "gtoe het ek gesien dat vuur het oor die pad gespring."

Hy maak nie duidelik of hy net rook of die vuur ook aan die anderkant gesien het nie. Later blyk dat hy nie die vuur oor die pad sien spring het nie.

Die verhoorhof se kritiek oor hierdie getuienis is geregverdig. Dis allermins duidelik presies wat De Jager gesien het, en wat hy aflei.

(11) Die verhoorhof het bevind dat De Jager 'n belang in die saak het aangesien hy vir verweerder se elektrisiteitsafdeling werk (wat nie die geval is nie).

De Jager getuig dat hy as watersuiweringsoperateur vir die appellant werk. De Jager getuig dat die hoof van elektrisiteit

ook sy hoof is.

Die verhoorhof se bevinding dat De Jager in die elektrisiteitsafdeling werk is korrek in die sin dat hy onder die hoof van elektrisiteit val. Die kritiek is hoogstens semanties.

(12) Die verhoorhof moes nie die feit dat De Jager nie onmiddellik probeer het om die vuur te blus nie, teen De Jager gehou het nie.

Soos Mnr Claasen aanvoer, die kritiek teen De Jager is geregverdig:

> g14.2 Hierdie hele verhaal van DE JAGER van twee persone wat staan en dat die vuur onmiddellik by hulle begin as 'n klein vuurtjie kan op geen ander manier interpreteer word dat DE JAGER probeer oordra dat hulle die vuur laat ontstaan het nie. Hulle stap daarna net ewe rustig weg van hierdie klein vuurtjie.
>
> ....

14.4 Hierdie opmerking is maar een van die vele negatiewe indrukke van DE JAGER wat uiters swak indruk in die getuiebank geskep het. Dit sluit verder aan by sy improvisering van sy getuienis dat hy niks gedoen het toe die vuurtjie nog 'n klein vuurtjie was nie, baie naby die pad, en dat hy moes jaag om by die watersuiweringswerke met betrekking tot chloor te kom. Daar is reeds daarop

gewys dat dit hom nie vroeër verhoed het om eers te gaan inkopies doen nie."

(13) Die verhoorhof bevind verkeerdelik dat Labuschagne gesien het hoe die vuur begin het.

Die punt wat die verhoorregter in paragraaf [71] maak, is dat volgens Labuschagne, die brand aan die suidekant van die pad moes begin het, want hy het gesien hoe die brand oor die pad spring na die noordekant.

Hierdie kritiek is ongeregverdig.

(14) Die verhoorhof het verkeerdelik bevind dat Labuschagne teruggeskram het in sy getuienis met betrekking tot die vraag of hy gesien het toe die vuur oor die pad spring.

In Hoof is die getuienis:

> "Mnr Labuschagne dat ons dit net duidelik kry, het u as't ware gesien hoe spring die brand oor?

- Ja, ek het gesien"

(Volume 3, bladsy 199 reël 14 – 15).

In kruisondervraging lees mens:

> "A: Ja, maar soos ek sê volgens my het hy toe net oorgespring.
>
> V: Ja, dit is maar 'n afleiding wat u maak, né?
>
> A: Ja."

(Volume 3, bladsy 246 reël 2 – 4).

Die verhoorhof se bevinding was korrek.

(15) Die verhoorhof het fouteer deur die feit dat geen rede aangevoer word waarom 'n kat teen die betrokke paal sou opklim nie, as negatief vir verweerder se saak te beskou.

Die verhoorhof sê:

> "There seemed to be no obvious reason, and none was suggested to me, as to what could have prompted a cat to climb to the top of an electrical power pylon."

(Paragraaf [72]).

Mnr Claasen voer korrek aan dat daar geen aanduidings van ‘n nes of voëls op die paal. Daar is geen rede aangevoer hoekom die kat op daardie paal sou gaan klim het nie. Dis net een van die vele aspekte wat die verhoorhof vermeld in sy deeglike oorweging van al die faktore.

(16) Die hof het fouteer deur te veel waarde te heg aan die aantekening op bewysstuk “X” dat die brand by die skougronde was.

Mnr Jordaan sê bewysstuk “X” gee nie voor om die onstaanbron van die brande te identifiseer nie, maar wel die omgewing. Dit sou ewe maklik wees om te sê “oorkant skougronde”. Dis weereens maar net een van die faktore wat die verhoorhof oorweeg.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat Van der Walt nie die bewysstuk voltooi het toe hy die oproep ontvang het nie. Toe hy die vorm “X” invul was die brand al afgeloop.

Hierdie was ‘n faktor wat die verhoorhof geregtig was om in ag te neem, soos hy doen in paragraaf [72], as een van die faktore.

(17) Die verhoorhof fouteer deur die verweerder se weergawe dat die kragonderbreking reeds om ongeveer 11h00 plaasgevind het te verwerp op grond daarvan dat verweeder se rekords dit nie bewys nie; die verhoorhof ignoreer die direkte getuienis daaromtrent.

Die verhoorhof handel in paragraaf [72], waarna hierdie beswaar verwys, met die vraag of daar 11h00 ‘n kragonderbreking was, en gee drie redes aan waarom dit nie aanvaar kan word, waarvan die afwesigheid van rekords maar een is.

Die “direkte getuienis” waarna Mnr Jordaan verwys, waarop die verhoorhof volgens hom moes gesteun het,

was hoorsê getuienis:

> "Kan u onthou wanneer dit was wat u die oproep ontvang het? --- Dit was net na elf gewees wat ons die oproep by hom ontvang het.
>
> Het u die tyd aangeteken? --- Op daardie oomblilk het ons nie die tyd aangeteken nie, maar ons het wel die tyd, na die tyd by Riemland gekry."

Labuschagne getuig oor die tyd wat die krag af was, naamlik naby 11h00. De Jager, verweerder se ander getuie, dra nie 'n horlosie nie, en steun vir sy tydsbepaling op die horlosie in sy voertuig en die tyd wat hy sê hy sy lesings geneem het by die reservoirs voor hy winkel toe is. 'n Mens moet onthou dat baie van die verwysings na tyd skattings is. Hierdie beswaar doen nie afbreuk aan die uitspraak nie.

(18) Die verhoorhof bevind verkeerdelik dat Labuschagne getuig het dat stukke afgebrande aluminium op die grond langs die kat gekry is.

Labuschagne getuig inderdaad dat hy geen aanduiding van

‘n stuk metaal op die grond gekry het nie.

Mnr Claasen verduidelik dat hierdie bevinding van die verhoorhof in die konteks van die hele paragraaf gelees moet. Labuschagne se getuienis is dat daar wel fyn stukkies aluminium (“fyn vonkies”) is, en dus moet val, waar die draad afbrand.

Hierdie kritiek is nie geregverdig nie.

(19) Die Hof fouteer deur Labuschagne se getuienis dat die foto’s van die paal geneem is weens die buitengewone aard van die voorval, bloot omdat die Hof van mening is dat die primêre doel van die neem van die foto’s is om getuienis vas te lê.

Soos Mnr Claasen sê LABUSCHAGNE het geweet dat hierdie brand kilometers ver na plase versprei en dat daar erge beskadiging van eise teen die munisipaliteit kan ontstaan. Hy het dit inderdaad voorsien. Daarom is sy verduideliking van die foto’s omdat dit iets

interessant is, onoortuigend. Die videokasset wat toon dat die koppelkabels af was, het skynbaar verlore geraak. Daarvan is nooit in hoofverhoor melding gemaak nie. Hy kan geen verduideliking gee waarom hulle reeds herstelde drade afneem, wat niksseggend is.

Hierdie kritiek raak 'n sekondêre aspek van die saak: die saak gaan oor die brand; die neem van foto's gaan oor bewys en geloofwaardigheid van getuienis. Labuschagne se getuienis is onoortuigend, soos die verhoorhof korrek bevind, en die verhoorhof se kritiek is in die kol.

(20) Die verhoorhof bevind verkeerdelik dat Labuschagne reeds bewus was daarvan dat die gebreekte kabel by die skougronde nie die kragonderbreking veroorsaak het nie, op die stadium toe Labuschagne terug is na die substasie om die krag te probeer aanskakel.

Hierdie is ook 'n sy-aspek, en behels geen wanvoorligting wat die verhoorhof se bevinding verwater nie. Dit raak wel die kernvraag oor waar die brand ontstaan het, waarmee ons vervolgens handel.

[4] Die vernaamste getuienis wat oorweeg moet word ten aansien van die oorsprong van die brand, m.a.w. of dit noord van die Petrus Steyn/Reitz teerpad of suid daarvan begin het, is welke direkte getuienis daar bestaan en indien geen aanvaarbare direkte getuienis, op welke omstandigheidsgetuienis so 'n bevinding gemaak kan word.

[5] Die direkte getuienis in hierdie verband bestaan uit die volgende:

5.1 Mnr. L.S. du Plessis, wie getuig het dat hy vanaf Petrus Steyn op pad na Reitz was ongeveer 12h00 die dag van die 29ste Julie 2002. Hy getuig voorts dat hy 'n brand aan die linkerkant van die pad, soos hy gery het, opgemerk het wat so 15 na 20 meter in deursnee was. Laasgenoemde dus aan die noordekant van die teerpad waar die skougronde, wat aan verweerder behoort,

geleë was. Hy is seker dat daar nie vuur aan die regterkant van die pad (oftewel suidekant van die teerpad), was nie.

5.2 Mnr. H.W. Rautenbach, wie getuig het dat hy vanaf Petrus Steyn na Reitz onderweg was op dieselfde dag en net na die vierrigtingstop, in die rigting van Reitz, hy gesien het hoe 'n tak van een van die Bloekombome aan die linkerkant van die pad (dus noord van die teerpad), afbreek en op die kragdrade val en 'n vonk veroorsaak wat die veld aan die brand steek. Hy het na Van Zyls Staalwerke gery, aangesien hy daarheen op pad was en hulle versoek om dit te rapporteer.

5.3 Mnr. D. Tsotetsi, wie getuig het dat hy op 'n trekker gewerk het op die betrokke dag in die koringlande aan die suidekant van die teerpad en dat hy omstreeks 8h00 die oggend, gesien het toe munisipale amptenare van die Bloekombome aan die noordekant van die pad afsaag, en getuig hy ook dat hy later gemerk het 'n boomtak het op die kragdrade geval waarna daar vuur by die bome begin het.

5.4 Mnr. P.J. de Jager getuig dat hy vanaf Reitz in die rigting van Petrus Steyn gery het en gemerk het dat daar twee mense ± 10 meter van die teerpad aan sy linkerkant gesien is, welke gesels het met mekaar (dus die suidekant van die teerpad), en dat daar in hulle onmiddellik omgewing daar vlamme begin brand het, welke toe hy 'n ent verder ry, oor die pad na die regterkant gespring het.

5.5 Die eersgenoemde drie getuies het vir die eiser getuig terwyl die laasgenoemde getuie namens die verweerder geroep was.

[6] Die omstandigheidsgetuienis deur verweerder aangebied, is dat daar 'n snaakse verskynsel na vore getree het wat na die brand ontdek was. Laasgenoemde hou in dat na die brand, Mnr. Labuschagne wie verbonde is aan die

elektrisiteitsafdeling van die munisipaliteit, ‘n koppeldraad bo-op ‘n paal, welke ongeveer die derde paal vanaf die teerpad af is aan die suidekant, moes vervang het alwaar daar klaarblyklik ‘n kortsluiting was. Sy getuienis is dat hulle ‘n dooie kat aan die onderkant van die paal gevind het, welke volgens hom waarskynlik bo-op die paal moes doodgeskok het. Sy waarnemings is ook dat dit moontlik die brand veroorsaak het aan die linkerkant oftewel die suidekant van die pad. Hy sê ook dat die kragdrade aan die noordekant van die pad by die Bloekombome gebreek was, maar kon geen tekens van brandskade wat sigbaar sou wees as daar ‘n kortsluiting was, opmerk by laasgenoemde drade nie. Sy getuienis is ook dat indien die kat bo-op die paal ‘n geleier was, welke tot die kortsluiting gelei het, daar ‘n vuurbol van minstens twee meter sigbaar sou wees vanweë die hoë kragtoevoer wat deur die drade gelei word. Dit is ook uit die foto’s duidelik dat die kat nie verbrand het nie en dat daar gras teen die paal en onder die kat was wat nie gebrand het nie.

[7] Volgens Mnr. Jordaan is laasgenoemde die meer

waarskynlike oorsaak van die brand op die betrokke dag en dat die brand toe vinnig na noord versprei het as gevolg van die sterk wind en oor die pad gespring het na die skougronde aan die linkerkant (oftewel die noordekant) van die pad.

[8] Alhoewel omstandigheidsgetuienis wel waarskynlikhede kan beïnvloed, behoort die eerste vraag te wees of daar direkte getuienis oftewel ooggetuienis bestaan waarop die hof 'n bevinding kan maak. Dit dien daarop gewys te word dat direkte getuienis, getuienis is van die waarneming van 'n feit in geskil, terwyl omstandigheidsgetuienis, getuienis is van die waarneming van 'n feit waaruit 'n afleiding omtrent 'n feit in geskil gemaak kan word. Direkte getuienis verskaf dus onmiddellike bewys terwyl omstandigheidsgetuienis slegs middellike bewys verskaf. (Vergelyk Schmidt: **Bewysreg**, 4de Uitgawe, p.4.)

[9] Alhoewel daar kritiek uitgespreek is teenoor die getuienis van Tsotetsi en Du Plessis, welke nie altyd geregverdig is nie, was daar geen regverdiging vir enige kritiek teenoor die getuienis

van Rautenbach nie. Daarteenoor was die getuienis van De Jager tereg deur die verhoorhof verwerp as ongeloofwaardig.

[10] Die gevolg van voormelde is dat daar ten minste aanvaarbare direkte getuienis ten aansien van die oorsprong van die brand bestaan deur die getuienis van Rautenbach wat in 'n groot mate deur ten minste die getuienis van Du Plessis gestaaf word. Laasgenoemde getuienis pas ook in by die waarskynlikhede en die algemene waarnemings die betrokke dag.

[11] Die omstandigheidsgetuienis waarop die respondent steun pas ook nie in by die waarskynlikhede vanuit die balans van die getuienis nie, so byvoorbeeld:

(a) De Jager se getuienis verskil wesenlik van Labuschagne s'n ten aansien van die plek aan die linkerkant van die pad waar die brand sou begin het;

(b) De Jager beweer dat die twee persone, nieteenstaande die ontstaan van die vlamme doodluiters sou wegloop, klaarblyklik onbewus daarvan. Laasgenoemde veral inaggenome 'n twee meter

grootte vuurbol wat sou ontstaan het toe die kat die kortsluiting sou veroorsaak het.

(c) Die kat het nie verbrand nie, en so ook nie die gras teen die paal waar die kat gelê het nie.

[12] Gevolglik is op ‘n oorwig van waarskynlikhede deur die eiser bewys dat die brand op die gronde van die munisipaliteit begin het en dat die oorsaak daarvan toegeskryf kan word aan verweerder se versuim om die betrokke Bloekombome sodanig in stand te hou dat die elektrisiteitsdrade wat daardeur loop, nie daardeur beskadig kan word, welke ‘n brand tot gevolg sal kan hê nie.

[13] Die bevinding van die hof *a quo* is nie aanvegbaar en behoort die appèl te misluk.

[12] Die appèl word van die hand gewys met koste.

**A. KRUGER, R**

**P. ZIETSMAN, WND R**

Ek stem saam.

**D. MILTON, WND R**

Namens die appellant: Adv. A.F. Jordaan SC
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. J.Y. Claasen
In opdrag van:
Naudes
BLOEMFONTEIN

/em